BELYDENIS VAN GELOOF

GELOOF IS ' N REIS. OP HIERDIE REIS HET ONS SEKERE BAKENS, MENSE EN ONTMOETINGS WAT VIR ONS SPESIAAL IS. WANNEER IETS VIR ONS SPESIAAL IS, WIL ONS DIT MERK, ONS WIL ' N ROETEMERKER DAAR PLAAS, SODAT ONS ALTYD DAARNA KAN HEENWYS EN VASHOU. OM BELYDENIS VAN GELOOF AF TE LÊ IS SO ' N ROETEMERKER.

TOE JY GEDOOP IS, HET GOD BELOWE DAT JY AAN HOM BEHOORT. JOU OUERS HET BELOWE OM JOU SO GROOT TE MAAK DAT JY DIE HERE KAN LEER KEN EN TOT GELOOF IN JESUS CHRISTUS JOU VERLOSSER KAN KOM. OM BELYDENIS VAN GELOOF AF TE LÊ, BETEKEN DAT JY VOOR DIE GEMEENTE GELEENTHEID KRY OM TE SÊ WAT JY IN JOU HART GLO, DAT HY JESUS DIE HERE IS EN OOK DIE HERE VAN JOU LEWE IS.

DIE DOOP IS ' N TEKEN DAT GOD JOU UIT GENADE UIT KIES, EN MET DIE BELYDENIS VAN JOU GELOOF KIES JY NOU UIT GELOOF EN ANTWOORD JY OP DIE BELOFTE WAT GOD AAN JOU MAAK.

ONS GESIN GESELS OOR BELYDENIS VAN GELOOF

- TEKEN ‘N TYDLYN VAN DIE HOOFSTUKKE VAN JOU LEWE. VUL DIE HOOGTEPUNTE EN LAAGTEPUNTE IN. WATTER SPESIALE OOMBLIKKE WAT JY WIL ONTHOU EN VIER? HOEKOM WAS HIERDIE OOMBLIKKE SPESIAAL IN JOU LEWE? HOE WAS GOD TEENWOORDIG IN AL DIE VERSKILLENDE HOOFSTUKKE?
- MAAK ‘N LYS VAN ‘N PAAR OOMBLIKKE IN JUL AS GESIN (OF ELKEEN APART) SE LEWE WAAR JY ‘N SPESIALE ERVARING VAN GOD GEHAD HET.
- OUERS KAN DEEL WAT DIT VIR HULLE BETEKEN DAT HULLE BELYDENIS VAN GELOOF AFGELÊ HET. WATTER BETEKENIS HOU DIT VIR HULLE VANDAG IN?
- VRA IEMAND IN JOU FAMILIE OF IEMAND WAT JUL KEN WAT REEDS BELYDENIS VAN GELOOF AFGELÊ HET, OM TE VERTEL VAN HUL ERVARING EN WAT DIT VIR HULLE BETEKEN HET.
- GESELS OOR HOE BELYDENISAFLEGGING ‘N “ANTWOORD OP JOU DOOP” IS.

VIR ‘N BYBELSTUDIE OOR DIE TEMA
“BELYDENIS VAN GELOOF”
BESOEK WWW.ONSGLO.CO.ZA/2017/0